TOT SIENS!

Die beleid van die NG Kerk nl. dat leraars en amptenare in diens van die kerk op 65 jaar aftree, was tot onlangs nie deel van ons gemeente se Getuienisbeleid nie. Dit is nou so aangepas dat die sendelinge wat deur ons ondersteun word, ook onder hierdie beleid val. Daarvolgens moes die Strydoms en die De Nysschens reeds 4/5 jaar gelede afgetree het. Omdat ons al so lank 'n pad saam met Nic en Tina (Strydom), en ook met Johan en Esté (de Nysschen) stap, het die komitee eenparig besluit om hul nog tot die einde van die '23/'24 boekjaar te ondersteun. Ons groet hulle met liefde en met die bede dat die Vader hul sal dra in die toekoms, soos ook tot nou toe. Mag Hy hulle steeds tot eer van sy Naam, en tot die uitbreiding van sy koninkryk gebruik.

Nic en Tina uit Madagaskar:

Geliefdes.

Ons groet met 'n groet van liefde hier uit Madagaskar. Ja, so kom alles tot 'n einde. Die kerk se bestuur het besluit dat ons oor ons "sell by" date is en dat die gemeente se finansiële ondersteuning aan ons tot 'n einde kom teen einde Februarie 2024. Ons wil op hierdie wyse een en almal bedank vir hul ondersteuning die afgelope klompie jare. Ons waardeer dit opreg. Weet verseker dat u ondersteuning 'n reuse rol gespeel het in die uitbreiding van God se Koninkryk in Madagaskar. Ons werk in Madagaskar is egter nog ver van klaar. God se tyd is nie ons tyd nie! Indien daar van u is wat voel dat God u hart aanraak om sy werk in Madagaskar op 'n persoonlike wyse te ondersteun, sal ons dit waardeer. Vir verdere besonderhede kan u ons kontak by strydomnic@gmail.com

VREDE VIR JULLE!

Johan en Esté de Nysschen uit Panama:

En so kom ons aan die einde van 'n seisoen deur af te tree by die kerk. Ons tree wel af, maar ons tree nie uit nie. Ons gaan steeds voort met ons werk en betrokkenheid by OM (Operasie Mobili-sasie) in Panama. Ons bly steeds in Sy diens.

Ons wil Mosselbaai Moedergemeente bedank vir die jare se finansiële ondersteuning wat nou tot 'n einde gekom het. Julle finansiële en gebedsondersteuning deur die jare het ons gedra, en ons dank die Vader daarvoor. Ons vra dat jul steeds vir ons sal bid.

Vir die wat ons nuusbrief wil ontvang: stuur maar net 'n whatsapp/Telegramboodskappie na +507 6735 5794 en ons plaas julle op ons lysie.

Ons bid die Here se seën oor Mosselbaai Moedergemeente.

Ons prediker vandag: Paul Ferreira

Wie is die Ferreira-gesin wat ons gemeente die afgelope 5 jaar ondersteun en vir wie ons gou leer liefkry het? Paul en Toni en hul drie kinders: Madison en Daniel, ‘n tweeling van byna 9, en Timothy wat einde Desember 5 geword het. Om volkome binne die wil van die Here te leef is hul begeerte, en dis dan ook die rede waarom hulle tans vir ‘n sabbatsjaar terug is in Suid-Afrika.

Die afgelope 12 jaar was hulle sendelinge in Suid-Asië: eers in Indië en toe in Nepal, met besoeke aan o.a. Boetan en Pakistan. Om so as gesin alleen aan die voorpunt te werk, sonder die “fellowship” en ondersteuning van mede-gelowiges, is geestelik geweldig uitputtend. Om net heeltyd jouself te gee deur te onderrig, deur te preek, deur daar te wees vir almal veroorsaak dat mens later soortvan afgestomp raak t.o.v seker aspekte van die Christelike lewe. Om voortdurend in ‘n vreemde taal te moet werk – wat opsigself ‘n uitdaging is! – maak dit nie makliker nie. Daarom het Paul en die leierskap waaronder hy funksioneer, besluit dat 2024 ‘n jaar moet wees van tot verhaal kom. Om deel te wees van ‘n geloofsgemeenskap wat ondersteunend op mekaar inwerk; om deur ervaring te leer hoe gelowiges mekaar binne gesinsverbande kan bedien, om die moontlikhede van dissipelwees binne hierdie kleingroepe te ontdek, die praktiese daarvan te ervaar sodat hulle dit weer kan gaan toepas wanneer die Here vir hul die pad vorentoe wys. Paul sien dit as ‘n geleentheid om net weer sy visie en vaardighede vir sy “teaching and preaching” op te skerp. En terselfdertyd die waarde te ervaar van om binne ‘n geloofsgemeenskap te funksioneer waar almal kan gee EN ontvang!

Die gesin het hul nou tydelik in die Kaap gevestig vanwaar Paul sal voortgaan met sy aanlyn-bediening van pastore en geestelike werkers in Suid-Asië, maar waar hy ook betrokke sal raak in dissipelskapsmoontlikhede. Daarmee saam wil hy sy krieketafrigting ervaring kan toepas as ‘n “tool” om mense te bereik. Vir Toni sal dit die geleentheid gee om die kinders aan ‘n tuisonderrig-gemeenskap bloot te stel en self te verseker dat sy op die regte pad is met hul tuisonderrig. Vir hul as gesin is dit wonderlik om in ‘n bekende taal te kan kerk toe gaan!

Wat die toekoms vir hul gaan inhou na hierdie sabbatsjaar is nog nie duidelik nie. Hul mag dalk teruggaan Suid-Asië toe. Of Paul mag dalk ‘n ander rol kry om te vervul: om jong sendelinge te mentor, te begelei, en nie self weer voltyds ver weg te werk nie. Maar hy sal altyd wil preek en “teach”, selfs al sou dit beteken dat dit soos tans aanlyn sal wees. Vir nou is hy tevrede om te doen wat hy moet doen. Die Here sal self vir hulle die pad vorentoe aanwys.